

FEES VAN DIE AARTSENGELE, MIGAEL, GABRIËL EN RAFAEL

29 SEPTEMBER



Hierdie drie aartsengele is die enigste wat by naam in die Heilige Skrif genoem word. Migael, die engel van God se oordeel; Gabriël, wat aan Maria die Blye Boodskap bring en Rafael, wat die blinde Tobias 'n uitkoms gee. Hierdie hemelse wesens speel 'n belangrike rol in God se heilsplan vir die mens. Hulle bring troos, verligting en hulp op moeilike oomblikke. Die woord 'engel' beteken 'boodskapper' en dui dus op hul amp en nie op hul aard of wese nie. Hul name dui op hul dienswerk: Migael beteken '*hy wat soos God is*', Gabriël beteken '*sterkte of krag van God*', en Rafael beteken '*die genesing van God*'.